# POLISIE EN SWERWER-SPEURDER REEKS

## No. 38
## Wraak uit die Verlede



Meiring Fouché

Die volgende oomblik slaan die moordenaar vir Reinhardt Fouché in die gesig sodat hy die konstabel half van sy voete af lig en hom toe agteroor slinger teen die sand. Vir die jong man voel dit asof 'n muil hom in sy gesig geskop het. Die sterre dans voor sy oë en dit voel vir hom asof iets gebreek is. Sy kakebeen of sy neus of sy wangbene.
Hy probeer opstaan, maar Verwey loop hom by en skop hom 'n woeste hou in die maag sodat hy met 'n uitroep omkantel en met sy gesig kreunend deur die sand stoot. Hy worstel so totdat hy op sy knieë is. Hy lig sy kop en toe kyk hy uitdagend na die man wat wydsbeen hier by hom staan.

Stofomslag: Chris du Plooy



# INHOUD


Hoofstuk ........................................ Bladsy

1. „Ek is Terug" ........................................ 3
2. Die Brandkas in die Muur ........................................ 11
3. Drama in die Kasteel ........................................ 21
4. Hy ken daardie Stem ........................................ 33
5. Meisner se Verlede ........................................ 42
6. Sluiper in die Nag ........................................ 51
7. Punt X ........................................ 59
8. Voorsorg van Lank Gelede ........................................ 67
9. Ver in die Namib ........................................ 77
10. Oorwinning in die Woestyn ........................................ 87


## Hoofstuk 1

## „EK IS TERUG"

Toe die gemengde trein op die klein stasie van die dorpie in Suidwes-Afrika stilhou, klim net een man uit. Hy is 'n lang skraal kêrel met 'n arendsneus en 'n swart hoed op sy kop. In sy hand dra hy net een kleinerige tas. Hy beweeg stadig, doelbewus. Sy hoed is effens laag oor sy voorkop afgetrek en mens kan sy gesig nie mooi sien nie. Nie alleen is sy hoed laag afgetrek nie, maar hy loop ook kop onderstebo.

Hy is omtrent die enigste wat hier op die klein perron beweeg. Hierdie is 'n klein dorpie aan die grens van die Namibwoestyn.

Die passasiers in die trein kyk nuuskierig na die voorkoms van die plekkie wat 'n mens eintlik herinner aan die klein dorpies van Switserland. Die huise wat hier staan, is meestal oud en hulle lyk soos huise op die vasteland van Europa. Die terrein waarop die dorpie geleë is, is onegalig, met heelwat steiltes en koppies en op die hoogste koppie staan 'n indrukwekkende wit huis wat 'n mens sterk herinner aan die soort huise wat jy in die Rynvallei in Duitsland aantref.

Die dorpie se voorkoms is omtrent ál bate wat hy het, want hy is klein, eensaam en afgesonder. 'n Paar kilometer verder gaan 'n mens die onherbergsame Namibwoestyn binne. En dan beweeg jy deur 'n eindelose eentonigheid van gelyktes en reusagtige sandduine totdat jy die see bereik.

Die lang vreemdeling met sy swart hoed, sy arendsneus en sy smal, sagte hande, stap voor die kantoortjie van die stasiemeester verby en gaan langs die stasiegebou staan. Die treinpassasiers kyk belangstellend na hom en hulle wonder waarom so 'n indrukwekkende man wat goed geklee is en wat blykbaar 'n man van status is, hier op die stowwerige perron van die dorpie in Suidwes kom afklim het. Andere, wat verder dink, wonder waarom daar niemand is wat hom kom ontmoet nie. Hy is waarlik die enigste man op die stasie, behalwe die stasiemeester en die stasiemeester se bont foksterriër. Verder is daar niks en niemand nie.

Langs die stasiegebou gaan die lang man staan en hy kyk op na die dorpie. Hy kyk van die een kant na die ander en hy sien dat dit nog baie weinig verander het. Dit is maar nog net soos dit altyd was behalwe dat daar nou een plek blykbaar 'n gebou afgebrand het. Dit is voorwaar die enigste wat hier plaasgevind het.

Byna steels, asof hy bang is dat iemand dit sal opmerk, kyk hy op na die groot, indrukwekkende huis met sy vastelandse voorkoms op die hoogste koppie in die dorpie. Hy kyk lank en aandagtig daarna en sy oë vernou asof die beeld van die huis vir hom 'n nuwe herinnering wakker gemaak het. Sy

linkerhand sluit stadig totdat dit 'n stewige vuis geword het, en as iemand toe in sy oë kon sien, daardie helder staalblou oë, sou hy besef dat daar in die man se oë iets meer is as woede. Hy sou gesien het dat hulle vernou het tot blote skrefies. En as iemand langs hom gestaan het, sou hy besef het dat die asemhaling van die lang vreemdeling met die swart hoed meteens vinniger en onegalig geword het.

Hy kyk so deeglik en met soveel intense belangstelling na die woonhuis, net soos 'n man wat dit oorweeg om hierdie indrukwekkendste huis van die dorpie te koop. Vanaf die spits torings tot by die groot voordeur met die wye veranda betrag hy die huis. Hy kyk na vensters en deure en toe sluit hy sy oë 'n oomblik. Sy kake roer soos hy hulle opmekaar klem en sy regterhand sluit stywer om die handvatsel van sy tas. Hy staan so lank en so diep in gedagte versonke daar dat hy nie weet toe die trein fluit en by die stasie uitstoom nie.

Hy is nou nie eens daarvan bewus dat hy die enigste man op die stasieterrein is nie. Die stasiemeester self het sy kantoortjie weer binne gegaan en die foksterriër het iewers in die skaduwee gaan lê. In die strate van die dorpie sien hy niks en niemand roer nie. Hierdie is die warm deel van die dag, die deel van die dag wanneer mense in hierdie deel van die wêreld gewoonlik 'n bietjie rus.

Dit duur 'n hele tyd voordat die lang man met die swart hoed die stasie verlaat en oor die oop terrein aanstryk na die dorpie toe. Hy is effens geboë en sy lang liggaam beweeg met 'n eienaardige gemak en lenigheid. Sy treë is lank en afgemete en sy kop bly effens vooroor.

Hy stap reguit na die kroeg van die dorp en toe hy binnekom, steek hy op die drumpel vas. Dit is koel hierbinne en dit ruik na drank. Hy kyk onmiddellik na die man agter die drinkbank en toe sug hy van verligting.

Nee, hy ken die man nie. Hierdie kêrel wat nou agter die drinkbank is, is kort, skraal, grys en bejaard. Dit is nie meer die joviale rooigesig-Duitser wat so lank gelede agter hierdie klein toonbank gewerk het nie. En dit bevredig die lang man. Hy sit sy tas net binne die deur neer en stap stadig oor na die drinkbank, met sy oë steeds op die kroegman gerig.

Hy gaan sit op die hoë stoeltjie, leun met sy elmboë op die drinkbank en druk sy hoed vaster op sy kop.

Die kroegman wat nog die hele tyd hier agter die drinkbank met bottels en glase gevroetel het, kyk op in die skraal gesig van 'n man wat 'n klein snorretjie het en 'n paar ongelooflike dik brilglase. Sy oë lyk so klein soos stippels agter die brilglase. Hy sien onmiddellik dat hy met 'n vreemdeling te doen het wat goed en netjies geklee is, maar met 'n soort sorgeloosheid wat altyd so interessant is. Die dasknoop is goed en stewig. Die pak klere is van 'n duur materiaal en die man se hande is so eienaardig fyn.





Die kroegman het die gewoonte om alle vreemdelinge deeglik te bekyk en hulle op te som. Sy eerste indruk is dat hy hier met 'n intelligente en doelbewuste kêrel te doen het.

,,Ja, meneer,'' vra die kroegman. ,,Is daar iets wat ek vir u kan doen?''

,,'n Lang koue bier,'' vra die vreemdeling en sy stem is lig en helder.

Hy haal 'n sakdoek uit en vee oor sy nek. Toe vee hy onder sy bril langs en oor sy neus.

,,'n Vreemdeling hier?'' sê die kroegman.

,,Ja, ek is 'n vreemdeling hier,'' sê die besoeker.

,,Kan ek vir u losies reël hier in die hotel?''

,,Ja, dankie, ek sal 'n kamer neem.''

,,Vir hoe lank?''

,,Maak dit saak?''

,,Nie juis nie,'' sê die kroegman en kyk effens verbaas na die man.

Die nuwe aankomeling neem 'n paar lang teue aan die koue bier en hy doen dit blykbaar met behae. Die kroegman begin leë glase wegpak en hy vee met sy doek oor die drinkbank. Hy kyk skeef na die man op die stoeltjie en hy wonder of hy hom al iewers vantevore gesien het. Nee, hy dink nie so nie.

,,Hier op besigheid?'' vra die kroegman uit ingebore nuuskierigheid.

,,Ja,'' sê die vreemdeling, ,,ek het hier 'n bietjie besigheid.''

,,Met die trein gekom?''

,,Ja, per trein gekom. 'n Ellendige gemors. Ek het nog nooit so 'n trein in my lewe gesien nie.''

Die kroegman glimlag gemeensaam. ,,Ja,'' sê hy, ,,hierdie Makadas van ons is nie juis die vinnigste in die wêreld nie. Ken u die dorp?''

,,Nee, hierdie is my eerste besoek. Ek hoop dit is ook my laaste.''

Die kroegman vererg hom liggies omdat die man so neerhalend van sy plek praat.

Die lang man steur hom nie daaraan nie. Hy lig sy glas weer en drink 'n paar lang teue. Toe hy die glas neersit en met sy vinger oor sy snorretjie stryk, vra hy vir die kroegman:

,,En wat is nuus in hierdie plek? Of, is hier nie nuus nie? Ek veronderstel die enigste nuus wat hier is, is wanneer iemand doodgaan of wanneer iemand sy been breek of iets van dié aard.''

Die kroegman kan nie help om te glimlag nie. ,,Dit is so,'' sê hy. ,,Dit is omtrent die enigste nuus wat ons hier het. Tog, af en toe het ons hier 'n bietjie opwinding wanneer iemand dit waag om die verbode gebied binne te gaan en 'n paar diamante te probeer steel.''

,,Ag so,'' sê die vreemdeling en kyk in die betekenisvolle oë van die kroegman.

Hy kry die indruk dat die kroegman daardie woorde uitgespreek het net ter wille van hom. Miskien om hom te waarsku of miskien om hom te pols. Vir hom 'n strikvalletjie te stel. Wie weet, dalk is hierdie kroegman nog in diens van die polisie. 'n Lokvink van die een of ander aard.

,,Het julle baie diamante hier naby?'' vra die vreemdeling.

,,O, ja, hierdie deel van die Namib is vol diamante. Daarom is dit verbode gebied.''

,,Ek verstaan. . .''

,,Van doodgaan gepraat,'' sê die kroegman, ,,ons het 'n rukkie gelede 'n vooraanstaande inwoner verloor. Mev. Bertha Meisner. Sy was die eggenote van mnr. Carl Meisner, ons burgemeester.'' Hy skud sy grys kop. ,,Dit was vir ons 'n slag. In 'n klein gemeenskap soos hierdie is dit altyd 'n swaar slag wanneer iemand soos Bertha Meisner sterf. Sy was so aantreklik en ook glad nie baie oud nie. Maar 'n paar in die veertig. En sommer ewe skielik. Hulle het in die groot huis gewoon op die hoogste heuwel in die dorp. 'n Pragtige plek. So smaakvol gemeubileer met alles wat geld kan koop. Hulle is natuurlik skatryk. Carl Meisner en sy vrou Bertha was van die rykste mense in Suidwes.

Die vreemdeling se hande verstyf om die bierglas en die kroegman kry 'n oomblik die indruk dat die man die glas tussen sy hande probeer stukkend druk. Maar meteens verslap sy greep en hy kyk op na die rye bottels in die rakke.

,,Ja,'' sê hy afgetrokke, ,,ek dink ek het in die koerant daarvan gelees dat mev. Bertha Meisner hier oorlede is. Jy sê hulle is ryk, nè?''

,,Skatryk,'' sê die kroegman met 'n ligte fronsie. ,,Het u hulle ooit teëgekom?''

Die vreemdeling skud sy kop heftig. ,,Nee,'' sê hy, ,,nee, ek het hulle nooit teëgekom nie. Ek ken hulle van geen kant af nie. Miskien het dit my maar getref omdat ek toe reeds van voorneme was om na hierdie plekke te kom. Ek het dit iewers in 'n koerant gelees en ek het dit toevallig onthou. En die Meisners—het hulle kinders?''

,,Ja,'' sê die kroegman. ,,Een dogter. 'n Pragtige mens. Een van die mooiste meisies wat ek nog ooit in my lewe gesien het.''

,,Nog 'n bier asseblief.''

Die kroegman skink nog 'n glas bier en skuif die glas en bottel na die vreemdeling. Hy sien dat die man nou baie afgetrokke geword het. En skynbaar ook senuweeagtig. Hy drink vinnig aan die bier en toe hy weer inskink, mors hy bier oor sy kneukels.

Die man se kake roer weer soos hy hulle opmekaar klem, want meteens, hier in die klein kroeg in 'n klein dorp in Suidwes, kom die verlede tot hom terug. Die herinnering oorweldig hom. Hy drink die bier met 'n paar





vinnige teue uit asof hy daarmee probeer om iets in hom dood te smoor.

,,Ek neem aan,'' sê hy eindelik, ,,dat mnr. Meisner die dood van sy vrou baie voel?''

,,O, ja,'' sê die kroegman, ,,Carl Meisner was byna rasend toe Bertha oorlede is. Hulle was baie geheg aanmekaar en 'n baie liefdevolle egpaar.''

Die vreemdeling draai die glas tussen sy vingers. ,,Ek stel altyd belang in hierdie dinge,'' sê hy, ,,omdat ek in die besigheidswêreld is. Hoe het mnr. Meisner sy geld gemaak?''

Die kroegman kom leun hier voor die vreemdeling op die drinkbank. Hy praat vertroulik. ,,Daar is allerhande stories,'' sê die kroegman. ,,Mense beweer dat Meisner en sy vrou Bertha hul geld uit diamante gemaak het.''

,,Uit diamante?''

,,Ja, dit is maar stories,'' sê die kroegman. ,,Niemand kon hulle nog ooit vastrap nie. 'n Jaar of tien, twaalf gelede was daar glo 'n hofsaak toe iemand tronk toe gestuur is. Daar was glo verdenking teen Meisner en Bertha. Maar hulle het vry daarvan afgekom.''

Die vreemdeling staan in sy glas en afkyk. Dit lyk byna asof hy nie gehoor het wat die kroegman nou net vertel het nie. Aan hom is daar weer daardie eienaardige versonkenheid asof hy in 'n ander wêreld leef. En asof hy nie werklik vandag in die hitte in hierdie klein dorpie aangekom het nie.

,,Kry julle dikwels gevalle van diamantdiefstal?'' vra hy.

,,Nie so danig dikwels nie,'' antwoord die kroegman. ,,Daarvoor is ons sersant en sy personeel te wakker. Sers. Harm Meyer is 'n wakker man. Altyd op die punte van sy tone en hy steek gewoonlik diamantdiewe die loef af nog voordat hulle begin het.''

Sers. Harm Meyer. Die vreemdeling klem weer sy kake opmekaar.

,,Is hy al baie jare hier—hierdie sersant Meyer?'' vra die vreemdeling.

,,Ja,'' antwoord die kroegman. ,,Vir so lank as wat ek kan onthou. Ek woon ook al geruime tyd hier en vandat ek hier gekom het, is die sersant maar hier. Hy het 'n flink personeel en een van sy uitblinkers is 'n konstabel met die naam Reinhardt Fouché. Hy is glo 'n doring om diamantdiewe te spoor.''

Die besoeker kyk met 'n vreemde glimlag na die kroegman op. ,,Dus moet 'n mens liewer nie hier probeer diamante steel nie,'' sê hy.

,,Ek sal dit nie probeer nie,'' sê die kroegman. Hy sien 'n eienaardige uitdrukking op die vreemdeling se gesig. Dit lyk soos 'n uitdrukking van vreugde of tevredenheid of iets van die aard.

,,Kan ek nou asseblief 'n kamer kry?'' sê die lang man en staan op.

,,Alte seker.'' Die kroegman kom neem sommer sy tas en hy lei hom 'n trap op na 'n kamer op die eerste verdieping van die klein hotelletjie. Dit is 'n kamer wat uitkyk in die rigting van die groot huis van Carl Meisner. En

toe hulle binnegaan, neem die kroegman hom na die venster. ,,Ons het gepraat van Carl Meisner,'' sê hy. ,,Daar sit sy huis bo-op die heuwel.''

,,Wat 'n indrukwekkende huis,'' sê die vreemdeling. ,,Dit is die soort huis wat baie geld kos, nie waar nie?''

,,O, ja,'' sê die kroegman, ,,maar dit is nie al wat Carl Meisner en sy Bertha besit het nie. Aan die kant van die Namib, 'n aantal kilometers uit die dorp, staan hul kasteel.''

,,Hul kasteel?''

,,Ja, hul kasteel. Hulle noem die kasteel Rheinplatz. Dit is eintlik 'n plaas. Maar pleks dat daar 'n plaashuis gebou is, het die vorige besitter daar 'n kasteel gebou. Dit is 'n eienaardige, afgeleë plek en dit lyk vir my so spookagtig. Ek sal nooit daar wil woon nie.''

,,Hoe interessant,' sê die besoeker. ,,En nou sal ek graag 'n bietjie wil rus.''

Die kroegman snap die insinuasie en gaan die kamer uit.

Die vreemdeling druk die deur toe, sluit dit en sit sy tas op die bed neer. Hy pak dit nie uit nie. Hy maak dit net oop en onder sy klere haal hy die klein, swart, blink rewolwer te voorskyn. Hy maak dit oop en sien dat dit volgelaai is. Hy steek dit in sy sak, haal die tas van die bed af en gaan lê op sy rug met klere en al.

Hy dink aan die besonderhede wat die kroegman so geredelik en so argeloos aan hom verstrek het. Sy gesig is nou baie stroef en gespanne want die verhaal is vir hom so bekend. Die verhaal van Carl en Bertha Meisner. 'n Dogter dink hy, 'n pragtige dogter wat vandag die naam Meisner dra. Soos in die verlede kom die verbittering weer deur hom, die wraaksug. Dit tref hom so hard dat hy opstaan en 'n draai deur die kamer stap. En toe hy hom weer kom kry, staan hy voor die venster. Hy kyk uit na die indrukwekkende huis van Carl Meisner, die huis waar Carl Meisner gelukkig was saam met Bertha Meisner. Hy bekyk dit haarfyn. Uit die dorp loop 'n pad daarheen. Dit is 'n vaal streep teen die heuwel uit. Daar is geen ringmuur of niks om die huis nie. Net 'n paar hoë bome en digte struike wat die voortuin versier.

Hy staan 'n rukkie so en toe gaan hy af na die kroegman. ,,Kan julle vanaand my aandete na die kamer stuur?'' vra die vreemdeling. ,,Ek voel besonder moeg en wil 'n bietjie rus.''

,,Maar alte seker,'' sê die kroegman.

,,Sê om halfagt.''

,,Om halfagt as u dit so verkies,'' antwoord die kroegman. ,,Ek sal sorg dat u ete na u kamer geneem word.''

Toe draai die man om en stap uit, en dit tref die kroegman dat hy in sy lang loopbaan nog nooit so 'n geheimsinnige en eienaardige man teëgekom





het nie. Hy glimlag toe die vreemdeling uit is. As hy gekom het met die bedoeling om diamante in die hande te kry, sal hy wel ontnugter word. Hy sal ontnugter word deur sers. Harm Meyer en sy flinke konstabels. Die kroegman kan voel dat iets aan die opstoot is hier in die dorp. Iets groots en belangriks. En hy kan nie aan die indruk ontsnap dat hierdie lang vreemdeling met sy swart hoed en sy eienaardige katagtige bewegings iets daarmee te doen sal hê nie.

Toe die bediende die aand om halfagt met die skinkbord kos die kamer binnekom, is daar niemand nie. Hy het twee maal geklop en toe binnegegaan.

Dit is eers toe hy uit is dat die vreemdeling sy verskyning maak.

Nou is dit omtrent tienuur en dit is stil in die Meisnerhuis op die heuweltop. Daar is vanaand 'n ligte wind van die Namib af wat sag deur die bome suis en 'n volgehoue agtergrond skep vir die egalige tik-tak van die staanhorlosie in die woonkamer van die huis waar Bertha Meisner so lank saam met Carl gewoon het.

Carl Meisner is vanaand alleen want sy dogter Carmen is na vriende toe. Hulle het hom genooi om saam te gaan, maar hy het geweier omdat hy graag sekere dokumente wil deurkyk. Dit was nie die waarheid nie want Carl Meisner het geen plan gehad om dokumente deur te kyk nie. Die eintlike rede is dat hy graag alleen wil wees omdat hy graag die herinnering aan sy vrou slegs volkome kan besit wanneer hy alleen is, wanneer hy deur niemand gesteur word nie, selfs nie deur sy dogter nie.

Hier waar hy in die diep leunstoel sit in die helder lig van die vertrek, met sy kop agteroor teen die leuning, met sy oë gesluit en sy hande stil en slap op die armleunings, herleef Carl Meisner weer alles wat by hom verbygegaan het. Hy dink terug tot in die ver verlede toe alles tussen hom en Bertha begin het. Hy dink selfs aan die daad wat hy toe gepleeg het. En soos dit nog altyd met hom was, voel hy daaroor geen pyn of verwyt nie, want Carl Meisner is diep in sy wese 'n hardeman. 'n Man wat glo dat as hy iets wil besit, hy feitlik enige metode kan gebruik om dit te besit. Daardie dae, toe hy vir Bertha wou besit, het hy vir niks gestuit nie en selfs vanaand is hy nog nie daaroor jammer nie. Die jare was vir hom goed. Vir hom en sy Bertha. Selfs die daad van lank gelede kon daar geen vlek op werp nie.

En miskien is dit omdat Carl Meisner hom weer so in die verlede verdiep dat hy nie die lang donker figuur met die pad sien opkom na die huis nie, nie sien hoedat die figuur tussen die struike deursluip tot voor die groot venster van die woonkamer nie. Hy sit met sy rug na die venster en daarom gewaar hy nie die twee oë wat hom bespied nie. Hy is nie daarvan bewus hoedat 'n man lank en aandagtig na hom staar, die hele binnekant van die

vertrek opneem nie.

Die lang, slanke man met sy swart hoed staan seker goed 'n kwartier deur die venster en kyk na die rustige houding van Carl Meisner. Hy kyk na die duur, weelderige meubels wat die binnekant van die huis versier. Hy kyk na die skildery van 'n vrou bo die kaggelrak en dit is sy wat sy aandag gevange hou. Sy is 'n blonde vrou met 'n pragtige hoof en ligblou oë.

Daardie skildery is 'n sprekende weergawe van Bertha Meisner.

In die lang man kom daar 'n groot wroeging onderwyl hy na die skildery kyk. Dit is soos hy haar nog altyd in sy drome onthou het. En terwyl hy na haar kyk en terwyl hy haar skoonheid opnuut waardeer en terwyl die feit van haar dood met nuwe en pynigende geweld tot hom deurdring, herleef hy weer die afgelope tien jaar. Tien jaar is 'n lang tyd in die lewe van enige man. Tien verlore jare. Tien jare van eensaamheid en wroeging en lyding. Tien jare waarin Carl Meisner die volheid van die lewe geniet het.

Die lang man steek sy hand in sy sak en voel aan die klein rewolwer. Dit is hard en koel en stewig.

Toe draai hy voor die venster weg en hy stap na die voordeur. Hy klop nie aan nie. Hy draai die deur net oop en gaan binne. 'n Oomblik staan hy in die portaal en hy luister na die geklik-klak van die groot staanhorlosie. Toe verskyn hy op die drumpel van die woonkamer.

Toe hy praat, klink sy stem moeg en tog baie helder.

Toe die stem deur die vertrek kom, draai Carl Meisner sy kop vinnig, met 'n ruk. Daar is skrik en ontsteltenis in sy oë.

Want die lang man wat op die drumpel staan, het geê: ,,Naand Carl. Ek is terug."





## DIE BRANDKAS IN DIE MUUR

Daar in die leunstoel in die weelderige voorkamer van sy groot woonhuis, ruk Carl Meisner eers sy asem diep in en toe spring hy orent uit die leunstoel.

Hy kyk lank en verslae na sy besoeker en sy bloed word om die beurt warm en koud. Daar kom 'n dreuning in sy kop en 'n oomblik voel dit vir hom asof hy op sy voete wankel. Iets prikkel in die palms van sy hande en dit voel vir hom asof sy nekhare orent staan.

Die lang besoeker staan roerloos met sy regterhand in die sak van sy netjiese donker baadjie. Hy het die bril met die dik glase van sy oë verwyder. Sy oë lyk nou soos twee kolle staal. Carl Meisner kry die indruk dat daar twee vonke vuur daarin brand.

,,Onthou jy my nog, Meisner?" vra die lang man. ,,Kan jy jou gedagte tien jaar laat teruggaan?"

Meisner vee met 'n bewende hand oor sy nek en hy voel die soutigheid van sweet in sy mondhoeke.

,,Anton Verwey! Hoe kan ek jou ooit vergeet," sê Meisner sag en daar is iets pleitend in sy stem.

,,Dit is reg, Meisner," sê die lang besoeker en hy haal die hoed af. ,,Anton Verwey is terug."

Verdwaas en met 'n vrees wat hy nog nooit in sy lewe ervaar het nie, kyk Carl Meisner na die donker hare van sy besoeker wat hier en daar reeds 'n gryserigheid vertoon.

,,Ek sien jy kyk na my hare, Meisner. Kan jy sien hoedat ek grys word? Besef jy dat ek voor my tyd grys word? Dit is wat jy my aangedoen het. Jy het my tien jaar ontneem van my jeug—tien jaar van hel. Nooi jy my nie om te sit nie, Meisner?"

,,Maar alte seker," sê Carl Meisner en meteens gewaar die vreemdeling by hom weer die vervloë sjarme wat hom vroeër jare gekenmerk het. ,,Kom sit gerus," sê Meisner met 'n oordrewe vriendelike gebaar.

Anton Verwey kom sit in 'n leunstoel hier naby Meisner. Meisner stap na hom toe en steek sy hand uit. ,,Ek voel lus om jou te groet, Anton," sê Meisner.

Maar Anton Verwey kyk met 'n onuitspreeklike minagting na die uitgestrekte hand.

,,As ek jou groet, Meisner," sê Anton Verwey, ,,sal ek my dit die res van my lewe nooit vergewe nie. As ek jou groet, sal ek teenoor myself 'n misdaad pleeg. Ek kan nie glo dat jy so verwaand en so gevoelloos kan